# BOEKRESENSIES

INGHAM, K. 1986: *Jan Christian Smuts. The conscience of a South African.* Jonathan Ball Uitgewers. pp. 251 R32.95.

Met die verskyning van hierdie werk oor 'n Suid-Afrikaanse staatsman van formaat, val drie aspekte dadelik op. Soos in die geval van W.K. Hancock se *Smuts I: The Sanguine Years, 1870 - 1919* en *Smuts II: The Fields of Force, 1919 - 1950* was dit weer 'n buitelander wat sy hand aan Smuts se loopbaan gewaag het.

Ingham is 'n professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Bristol met spesialiteitsveld Suider-Afrika. Tot op datum het nog geen Suid-Afrikaanse historikus Smuts se hele politieke loopbaan op skrif gestel nie. Waarom is dit so dat iemand, wat vir meer as vyftig jaar op een of ander wyse met die regering te make gehad het, nie deur sy eie mense ondersoek en in sy geheel beskryf word nie?

Die tweede aspek wat opval is dat Smuts inderdaad 'n groot politieke figuur in sy tyd was; een van die politieke ''reuse'' van die vroeg-twintigste eeu. Hy was egter nie net politieke leier nie - iemand het trouens gesê dat Smuts 'n baie groter filosoof as staatman was. Wat van sy militêre leierskap? Om van sy botaniese kennis nie eens te praat nie! Daarbenewens was hy regskenner van formaat.

Die derde aspek wat opval, is dat Smuts inderdaad, sover dit sy siening van Swartmense betref, net so dogmaties en paternalisties as sy Afrikanerteenstanders in die Nasionale Party gedink het. Wat Smuts van sy taalgenote vervreem het, was sy opvattinge omtrent ryksverbintenisse en hoegenaamd nie die verhoudinge met Swartmense nie. Alhoewel Smuts meer begrip vir die proses van verstedeliking en industrialisering openbaar het, het hy sover dit die ou-

tentieke segregasiebeginsel aangaan, die Nasionaliste se opvatting gedeel.

Net soos Hancock, Meiring en veral Trümpelmann met sy skitterende proefskrif oor die eerste premierskap van Smuts, worstel Ingham ook om 'n antwoord op Smuts se sienswyse omtrent die Swartmense te kry.

Miskien, na al die moeisame navorsing van die Smuts-dokumente wat geen finale antwoord bied aan die navorser nie, gee Smuts self in 1946 in die Volksraad 'n antwoord as hy sê:

> "Ek is vir vrede en liefde en samewerking. Ek is vir 'n goeie gevoel. Ek glo nie dat ons ooit 'n sukses sal maak, van Suid-Afrika as daar vyandskap of sterk wrywing bestaan tussen die verskillende dele van ons blanke bevolking en die kleurling nie".
> (Debatte van die Volksraad, Deel 52, kol. 3480).

Alhoewel Ingham 'n biografie oor Smuts skryf, bly sy sentrale tema Smuts se opvattinge oor Swartmense. Hy wys die paradokse daarin uit: Smuts was enersyds iemand wat hom onvermoeid vir eenheid in die Ryk beywer het, selfs partyeenheid daarvoor opgeoffer het in 1939 en oorlog toe gegaan het, maar andersyds tog steun toegesê het aan die 1913 -Naturellen Grond Wet en in 1936 aan die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp. Eersgenoemde het Swartmense tot 13% van die Unie se oppervlakte beperk en laasgenoemde die "verdere registrasie van naturelle verbied wat nog nie as kiesers vir die Parlement of die Provinsiale Rade geregistreer is nie". Het rykseenheid dan swaarder getel as die politieke posisie van die Swartmense in die Unie? Waaraan moet mens jou steur: aan Smuts se Oxford-lesings 1929 wat, alhoewel deurspek van opheffingstaal, tog paternalisme adem of aan sy voordrag voor die Instituut vir Rasseverhoudinge in 1942 in Kaapstad wanneer hy beweer dat apartheid (of segregasie) misluk het?

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Smuts tienduisende Swartes vir nie-gevegsdoeleindes opgeroep en hulle kon deel in al die oorlogsvoordele aan die front; tog weier hy om aan die eise van die Naturelleraad te voldoen. In New York en San Francisco het Smuts die emansipasie van gekoloniseerde gebiede fisies waargeneem. Aan Hofmeyr skryf hy dat "kleur" 'n groot rol in die toekoms gaan speel en tog, desondanks, bly hy traag om werklik die eise van Swartmense aan te spreek.

Ingham wys uit hoedat Smuts die ryksbouer, paradoksaal ten opsigte van Wit-Swart-verhoudinge, tog Afrikanersegregasionis bly. Dít bly uniek aan generaal Smuts: die Londen Times het hom in 1939 die grootste imperialis van alle tye genoem maar binnelands het hy in sy rassedenke weinig verskil van 'n anti-ryksgesinde soos dr. D.F. Malan! Of is die ontstellende nie dat die oorgrote meerderheid Wit Suid-Afrikaners Swartmense as 'n probleem ge(sien) het, in plaas van as mede-inwoners van Suid-Afrika nie?

Ingham, soos Trümpelmann vóór hom, vind die rede hiervoor in Smuts se opvattinge oor die behoud van die Westerse beskawing wat essensieel Wit-sentries was. In Smuts se denke was daar doodeenvoudig nie plek vir Swart minder beskaafde mense nie. Sy filosofie van holisme, van dele wat mekaar aanvul tot groter gehele, het 'n Wit imperialisme voorveronderstel. Op Hofmeyr se vraag: "Maar wat van die dag as die voogdeling groot word?" het Smuts geen antwoord gehad nie. Hy het geleef in die era vóór die vrywording van Afrika en Asië.

Hierdie is 'n skitterende werk oor Smuts. Dit lees lekker, dit is goed geskryf en dit belig 'n kant van Smuts waaraan nog min aandag geskenk is. Dit stel vrae en gee antwoorde op 'n verfrissende wyse.

Kritiek teen die werk lê myns insiens daarin dat daar nie werklik nuwe feite oor Smuts aan die lig gebring is nie. Vir die oningewyde mag dit baie oorspronklik wees, maar dié navorser wat jare met Smuts worstel, vind geen nuwe feite nie. Dié feit beklemtoon net weer die monumentale werk wat Hancock gedoen het. Die historikus wat op sý navorsing en sý produk wil verbeter, sal sy ambag moet ken!

Die boek word baie sterk vir die dosent en onderwyser aanbeveel. Dit werp lig op die era vóór apartheid, vóór regerings mense se waardigheid en bestaansreg onder die dekmantel van "selfbeskikkingsreg" vertrap het.

A.J. Posthuma

NECC, 1987: *What is History?* A New approach to history for students, workers and communities. Skotaville Educational Division. pp. 102 R5.95.

E.H. Carr sê in sy werk *What is History?* Geskiedenis ". . . is a process of selection in terms of historical significance" (p. 105). Die publisering van die National Education Crisis Committee se oefenboek vir studente, werkers en gemeenskappe voldoen volkome aan hierdie basiese premis. Die probleem is net dat beide die NECC én die bepaalde inhoude wat "in terms of historical significance" geselekteer is (moontlik) as hoogs omstrede beskou kan word.

Aan die einde van Februarie 1988 is sewentien organisasies, waaronder die NECC, ingevolge die noodmaatreëls die stilswye opgelê. Daarbenewens is die keuse van inhoude erg aanvegbaar. *What is History?* is saamgestel met die oogmerk om uitdrukking te gee aan die NECC se "people's education programme" naamlik "to formulate our own history syllabus, which will include people's perceptions of what history is, international and African history" (R. van den Heever (Red.)), *Alternative Education. Vision of a Democratic alternative,* p. 1.

Die netjiese publikasie bevat 37 aktiwiteite wat in vier eenhede verdeel word t.w. Waarom 'n studie van Geskiedenis? Wat gebeur in Geskiedenis? Tyd in Geskiedenis en Werk soos 'n historikus.

Basies word sekere vaardighede (skills) ingeoefen soos getuienis-insameling, chronologie, oorweging van feite, analise, seleksie, interpretering en sintese. Die werk leun swaar op die Britse Schools Council gedagtegang van vaardigheidsverwerwing en is as sodanig verfrissend.

Om terug te keer na die inhoude wat geselekteer is om bogenoemde aktiwiteite toe te pas. Vir die konserwatiewe belangstellende mag dit ontstellend, selfs uittartend voorkom. Vir die objektiewe waarnemer mag dit oorspronklik wees. Vir 'n voorstander van People's Education is dit tegelyk prikkelend én bevredigend.